

14 Februarie Rigters 6:11-16, (Teks: 6:14 en 15)

God roep ook die geringes in sy diens

Hoe belangrik moet 'n mens wees voordat die Here jou kan gebruik? Moet jy iemand wees na wie ander mense kan opsien? Dit lyk soms of ons so dink, want wie gaan andersins na hulle luister? Maar God se gedagtes is nie ons gedagtes nie en sy keuses is ook nie ons keuses nie. Hy gebruik juis dié wat klein en gering is, soos Gideon in hierdie geval. Gideon was 'n gewone man, niks besonders nie. Inteendeel, sy familie is die armste in Manasse, wat self nie juis 'n stam van aansien was nie. Daarby is hy die een van wie die familie die minste dink.

Maar God roep hom en stuur hom om die volk Israel van die Midianiete te verlos. Dit gaan dus nie oor die een wat geroep en gestuur word nie, maar oor God wat roep en stuur. Daarom doen God presies dieselfde wanneer Hy sy Seun na hierdie wêreld stuur. Hy wat die ewige Koning, enigste Hoëpriester en hoogste profeet is, word die armste, geringste en onaansienlikste mens. Lees maar weer wat Jesaja 52 en 53 van Hom sê.

En aan elkeen wat God roep en stuur, gee Hy ook 'n opdrag. Vir Gideon was dit om die volk Israel te verlos van die Midianiete. Vir sy Seun was dit om sondaars van die ewige dood te verlos, en vir ons is dit om konings, priesters en profete in hierdie wêreld te wees om sodoende die mense Christus se dissipels te maak.

Sing: Psalm 95:4

Ds. J.A. du Preez (Empangeni)